

Vakleerlingskappe en leerlingskappe

Inligting vir ouers en versorgers

Vakleerlingskappe en leerlingskappe is leerpaaie wat betaalde werksopleiding en formele studie by 'n Geregistreeerde Opleidingsorganisasie kombineer. By voltooiing van 'n vakleerlingskap of leerlingskap sal 'n persoon toegerus word met praktiese vaardighede en 'n nasionaal erkende kwalifikasie.

Inligting en ondersteuning is beskikbaar op die [Apprenticeship Office](#)¹ (Vakleerlingskapkantoor) webwerf en die [Apprenticeship Support](#)² (Leerlingskapondersteunings) webwerf.

Wat is 'n vakleerlingskap?

Vakleerlinge word opgelei in 'n geskoolde ambag en word 'n gekwalifiseerde ambagspersoon met 'n nasionaal erkende Beroepsonderwys en Opleiding (VET) kwalifikasie. 'n Vakleerlingskap is 'n gestruktureerde opleidingsreëling van normaalweg 3½ of 4 jaar. Die opleiding kombineer praktiese ervaring by die werkplek met aanvullende opleiding buite die werkplek by 'n Geregistreeerde Opleidingsorganisasie.

Wat is 'n leerlingskap?

Leerlinge word vaardig in 'n beroepsgebied en ontvang 'n nasionaal erkende VET-kwalifikasie wanneer dit voltooi is. Die leerlingskap bied 'n begrip van die bedryf en die beskikbare werkseleenthede. 'n Leerlingskap is 'n opleidingsooreenkoms tussen die leerling en sy/haar betrokke werkgewer waar die werkgewer instem om die leerling in 'n spesifieke bedryf op te lei, en die leerling instem om te werk en te leer. Leerlingskappe duur gewoonlik tussen 9 en 48 maande, afhangend van die bedryfsgebied en sertifikaatvlak onderneem.

Skoolgebaseerde vakleerlingskappe en leerlingskappe

Skoolgebaseerde vakleerlingskappe en leerlingskappe is werkopleidingsreëlings vir betaalde werk tussen 'n voltydse skoolleerling en 'n werkgewer.

Skoolgebaseerde vakleerlingskappe en leerlingskappe stel jongmense in staat om hul senior skoolstudies te kombineer met betaalde deeltydse werk en opleiding buite die werk by 'n Geregistreeerde Opleidingsorganisasie. Studente ontwikkel werkvaardighede deur praktiese bedryfservaring binne 'n werklike werkplek en studeer 'n nasionaal erkende kwalifikasie. Die skoolgebaseerde vakleerlingskap of leerlingskap word deel van die student se wyer onderwysprogram.

Vir wie is skoolgebaseerde vakleerlingskappe en leerlingskappe?

Hierdie opsie is vir studente wat belangstel om 'n loopbaan in 'n spesifieke ambag of beroep te volg en ook hul senior skoolopleiding te voltooi.

¹ <https://www.dtwd.wa.gov.au/apprenticeship-office>

² <https://www.apprenticeshipsupport.com.au/Apprentices/What-is-an-apprenticeship>

Moet die skool 'n student se opleidingsplan onderskryf?

Skoolgebaseerde vakleerlingskap- en leerlingskappeleentehede moet deur die skool onderskryf word as deel van die student se algehele skoolprogram.

Vind meer uit oor skoolgebaseerde vakleerlingskappe en leerlingskappe

Skool VET-koördineerders kan inligting en advies verskaf rakende skoolgebaseerde vakleerlingskappe en leerlingskappe. Verdere inligting kan gevind word op die [Department of Training and Workforce Development](#)³ (Departement van Opleiding en Werksmagontwikkeling) webwerf en die [Jobs and Skills WA](#)⁴ (Werk en Vaardighede WA) webwerf.

³ <https://www.dtwd.wa.gov.au/apprenticeship-office/apprenticeships-traineeships-for-secondary-school-students>

⁴ <https://www.jobsandskills.wa.gov.au/training/schools-and-school-students>